

Klik-klik **VAN 'N REDDINGSPOGING**

WANNEER 'N TAAL STERF, VERLOOR JY 'N HELE KULTUURSKAT, MAAR DIE NIUUSPREKER KATRINA ESAU WIL SEKER MAAK HÁÁR ERFENIS WORD AAN DIE VOLGENDE GENERASIE OORGEDRA ...



Die klanke wat by haar mond uitstroom, klink vreemd, maar tog ook bekend. So of dit nog altyd hier was; deel van ons daaglikse bestaan. Deel van die kameeldorings waarvan die Kalahari deurspek is en so oud soos die Drakensberge.

Wanneer ouma Katrina Esau van Uington haar geliefde taal praat, sit almal regop, want die val van haar tong is uniek – sy is een van net vier mense wat nog N|uu kan praat. Dit is die taal van die Kalahari. Van elande wat oor die stowwerige vlaktes galop; sonbesies wat in die bome loei en die geknetter van ’n bosveldvuur. Wanneer haar lippe klap, is dit of die klanke van dié semi-woestyng gebied in die Noord-Kaap die lug vul.

TAAL EN IDENTITEIT

In die jaar wat deur Unesco as die Internasionale Jaar van Inheemse Tale gedoop is, vrees dié 86-jarige agter-ouma-grootjie van Uington haar taal gaan uitsterf.

“Ek voel by die huis as ek my taal praat,” sê ouma Katrina. “Asof ek weer kind is en op die plaas op Olifantshoek kaalvoet hardloop.”

N|uu behoort aan die Taa-!Kwi, ’n Khoisan-verwante taalgroep. Dit het in die 19de eeu floreer, maar is in 1972 as “uitgestorf” verklaar en die laaste sprekers is uit die destydse Kalahari-Gemsbok Nasionale Park (nou deel van die Kgalagadi-oorgrenspark) verwyder.

In 1990 het taalkundiges die 101-jarige Elsie Vaalbooi in Rietfontein, in die Noord-Kaap, opgespoor wat steeds die taal magtig was. Die Suid-Afrikaanse Sanraad het met haar hulp nog 25 N|uu-sprekers opgespoor, maar nou, meer as 20 jaar later, is dit nog net ouma Katrina en haar sibbe Johannes Klopper (99), Simon Sauls (71) en Griet Seekoei (88) wat die taal kan praat.

“Ek is bang my taal gaan saam met ons sterf,” sê ouma Katrina. “Dit is vir my belangrik dat my agterkleinkinders en hulle se kinders verstaan waar ons vandaan kom. Wie ons is. Wie ons voorvaders was. Ons taal is ons identiteit.”

Reeds sedert 2001 veg ouma Katrina verbete om haar “identiteit” aan die lewe te hou. Uit ’n houthuisie, wat sy in ’n klaskamer omgeskep het, leer sy sowat 30 plaaslike kinders die 112 klanke en 45 klikklanke van N|uu.

Haar kanniedood-houding het nie ongemerk verbygegaan nie. In 2015 het sy die Orde van die Kremetart (silwer) van pres. Jacob Zuma ontvang en die sanger en liedjieskrywer Coenie de Villiers het ’n teaterproduksie, *Katrina: Die dansende taal*, ter ere van haar geskep en opgevoer. Desondanks meen ouma Katrina steeds die regering doen nie genoeg om haar te help nie.

“Ek wag nou al jare vir munisipale grond waar ons ’n behoorlike klaskamer kan oprig. Ek kry ook geen befonding vir skryfbehoeftes of boeke nie. Ek maak grootliks op donasies staat.”

KLEINER TALE ORAL BEDREIG

Wie moet pa staan vir dié stand van sake en hoe bewaar

“DIT IS VIR MY BELANGRIK DAT MY AGTERKLEINKINDERS EN HULLE SE KINDERS VERSTAAN WAAR ONS VANDAAN KOM. WIE ONS IS. WIE ONS VOORVADERS WAS. ONS TAAL IS ONS IDENTITEIT.”

mens ’n inheemse taal soos N|uu? Luidens ’n Unesco-verslag spog die wêreld met meer as 7 000 tale en slegs 4% daarvan word deur 97% van die wêreld se bevolking gepraat. Baie van die kleiner tale is reeds deur die Verenigde Nasies as “krities bedreig” bestempel.

“Elke twee weke is daar nóg ’n taal wat uitsterf en daarmee saam ’n hele kultuur en intellektuele nalatenskap,” sê die antropoloog Jade Jacobsohn. Sy is besturende direkteur van die Kaapstad-gebaseerde Nal’ibali (Xhosa vir “hier’s die storie”), ’n organisasie sonder winsbejag wat hom met leesbevordering onder kinders bemoei.

“Sowat 40% van die wêreld se bevolking kry onderrig in ’n taal wat hulle nie verstaan of by die huis praat nie,” sê Jade. Hoewel Engels as die “taal van die wêreld” geag word, praat slegs 9,6% van Suid-Afrikansers dit tuis. “Xhosa en Zoeloe is die meeste Suid-Afrikansers se huistaal.”

Jade meen hoewel dié tale deur ’n magdom sprekers gepraat word, is hul voortbestaan allermins verseker.

“N|uu staan op die punt om uit te sterf,” sê sy. “Dit word gesien as een van die eerste tale wat in Suider-Afrika gepraat is. Wat gaan gebeur met ander kleiner tale soos !Xun, Birwa en Khwe?”

Die groot probleem is volgens haar dat Engels as geskrewe taal ander tale oorheers.

“Die meerderheid kinders wat ’n inheemse taal praat, moet in gr. 4 oorskakel na Engels as hul hoofleertaal. Neem ook in ag dat wanneer die fondasie vir geletterdheid gelê word, is slegs 6% van kinderboeke in Zoeloe, teenoor ons 22,7% Zoeloesprekers. Sowat 40% van kinderboeke word in Engels geskryf.”

Navorsers oor die wêreld heen beklemtoon die belang van lees in ’n taal wat kinders verstaan.

“Indien dit die geval is, sal kinders ’n suksesvolle akademiese loopbaan hê en ’n groter bydrae tot die samelewing kan lewer,” sê Jade. Volgens haar verstaan ’n yslike 78% van Suid-Afrikaanse kinders in gr. 4 nie wat hulle lees nie. “Hoe gaan die situasie oor tien jaar lyk?”

Prof. Vuyisile Msila, hoof van Afrika-rennaissance-studies by Unisa, meen weer Engels as universele taal benoort nie tot die uitsterf van inheemse tale te lei nie.

“Engels moet as hulpmiddel gebruik word om inheemse tale te beskerm,” sê hy. Volgens hom is dit belangrik dat elkeen help om inheemse tale te beskerm om ekonomiese en maatskaplike groei te verseker. “Die verantwoordelikheid lê by instellings, families, skole en regerings. Dit is al die rolspelers in die samelewing se verantwoordelikheid.”

“Talle studies wys daarop moedertaalonderrig lewer die beste akademiese resultate,” sê Karien Brits, bestuurder: taal by die ATKV. “Daar is die wanpersepsie dat Engels jou toegang tot die akademie en verdere studie gee. Die waarheid is dat jy jou kans vergroot om beter Engels te praat en te lees as die fondasie in jou moedertaal gelê word.”

Volgens Karien is daar “kennis” opgesluit in inheemse tale en dit gaan verlore in die Westerse onderwysmodel. “As ’n taal sterf, verloor ons daardie kennis.”

Daarby, sê sy, moet mense mekaar kan verstaan om oor die weg te kan kom.

“Hoeveel misverstande het nie al tot oorloë gelei nie? Ek dink tog die vredemakers ken die waarde van taal. Dink maar net aan Madiba se gebruik van Ingrid Jonker se ‘Die kind’ tydens sy inhuldiging in die parlement.”

Dit is deel van die ATKV se visie dat Afrikaans bydra tot nasiebou en versoening. “Een van die maniere is die ATKV

se meertaligheidsbenadering – Afrikaans word in ’n meertalige konteks bevorder.”

Karien meen as mense nie die taal van die regering verstaan nie, weet hulle waarskynlik ook nie wat hul regte is nie.

“Jou moedertaal kan jou toegang gee tot inligting oor jou regte. Suid-Afrika het ’n goeie grondwet waarin die amptelike tale genoem word, maar ongelukkig kom hierdie tale nie almal tot hul amptelike reg nie. Ons kan die regering daarvoor verkwalik, maar ons moet ook maar hand in eie boesem steek. ’n Reg kry net lewe as ons dit opeis. Dring op ’n vriendelike wyse aan op jou moedertaal,” sê sy.

“Engels is inderdaad ’n belangrike taal, maar dit is ook ’n taal wat kan uitsluit. Wie kry toegang tot universiteite? Mense wat Engels kan praat, lees en skryf. Wie kry toegang tot werk? Mense wat Engels kan praat, lees en skryf. Wat gebeur dan met mense op die platteland? Hulle word uitgesluit. As ons ware inklusiwiteit wil bewerkstellig, sal ons meer meertalig te werk moet gaan.

“Ons moet dalk ’n bietjie uit ons gemakssone kom en met die mense in ons gemeenskappe gesels en meer oor mekaar se taal leer.” ♣

DEUR DEON LATEGAN
ILLUSTRASIE: LEIGH LE ROUX

IN SUID-AFRIKA IS ELKE BEGRAFNIS ANDERS...

Maar elkeen begin op dieselfde manier ...
met 'n oproep.

Bel heel eerste vir AVBOB by **0861 28 26 21**
#DieNommerOmTeHou

AVBOB

Ons is hier vir jou

